# OPENBARE KENNISGEWING: 149/2024

## BITOU MUNISIPALITEIT (WC047)

## BITOU-OPENBARE VEILIGHEIDSAFDELING VRA VIR KOMMENTAAR OP DIE VERORDENING OP OPENBARE GERIEWE:

**Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 12 (3)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet No. 32 van 2000) soos gewysig en by besluit van die Raad van Bitou munisipaliteit, dat Bitou Munisipaliteit die konsepverordening met betrekking tot Openbare Geriewe oorweeg en in beginsel aanvaar het. Raadsbesluit, Item nommer *C/4/115/09/23* geneem tydens die Gewone Raadsvergadering gehou op 31 Oktober 2023, aanbeveel dat die publiek ingelig en aangemoedig word om kommentaar op hierdie verordening te lewer:**

**Neem asseblief kennis:**

**Alle eiendomseienaars in die Bitou Munisipale gebied word aangemoedig om die konsepverordening te besigtig. Die verordening met betrekking tot openbare geriewe is beskikbaar op die munisipale webwerf by: https://www.bitou.gov.za/Docs/PolByLaws of gedurende kantoorure by die Openbare Veiligeheids kantore in Flying Cloud Straat, Plettenberg Baai. Skriftelike kommentaar of vertoë moet aan die Munisipale Bestuurder gerig word en kan per pos ingedien word: Bitou Munisipaliteit, P.B. X 1002, Plettenbergbaai, 6600 of per hand afgelewer word by die Openbare Veiligheidskantore, Flying Cloud straat, Plettenbergbaai teen nie later as 10 Junie 2024 nie.**

**Enige persoon(e) wat hulp benodig met die indiening van enige kommentaar of vertoë in hierdie verband, kan gedurende kantoorure die openbare veiligheidskantore in Flying Cloudstraat, Plettenbergbaai 6600, nader; vir hulp.**

**Navrae kan gerig word aan Mineer Siyasanga Vandala by die Bitou Openbare Veiligheidskantore by 044 501 3201 of e-pos: svandala@plett.gov.za**

**Dr Ralph Links (PhD)**

**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

**Bitou Plaaslike Munisipaliteit**